

26 April

Skrifgedeelte: Job 9

Fokusgedeelte: Job 9:4, 10

Jou reaksie op beproewinge gaan jou bou of breek

Job het in bittere swaarkry aan sy verhouding met die Here bly vashou. Tydens sy gesprekke met sy drie vriende het hy geworstel met die vraag: Wat is die sin van hierdie swaarkry? Die antwoord van sy vriende het nie bevredig nie. Job kon dit nie aanvaar nie. In sy moedeloosheid het hy geweet daar moet 'n betekenis agter hierdie lyding wees. As hy net kan weet wat dit is, sal hy tevrede wees. Hy het geweet dit is nie omdat hy 'n erge sondaar is en dat God hom nou straf nie. Hy hou vas aan sy onskuld. Daar moet 'n ander rede wees.

Die antwoord lê in die rigting van die belydenis van Job, as hy sê: “Die wysheid en krag van God is groot: Wie kan Hom teëstaan en niks oorkom nie?” Hoor jy? Job bring vir God in die hele prentjie in. Wat in Job se lewe gebeur het, moet verklaar word in terme van God se krag en wysheid. Maar die probleem is dat God se krag en wysheid veel groter is as wat ons verstandjies kan uitwerk. Probeer God se werke aanvat! Jy gaan tweede kom.

Job erken: “Wat Hy doen, is groot en ondeurgrondelik, wonder op wonder.” Wat 'n raak belydenis is dit nie. Job het eers rus in sy gemoed gekry toe hy besef het: Ons kan nie altyd God se krag en wysheid peil nie. Dis te groot vir ons. Ons kan dit eenvoudig nie altyd verstaan nie. Wat God doen, bly in 'n groot mate vir ons 'n geheimenis. Die enigste manier wat ons sy werke kan verklaar, is om te sê “Dit is 'n wonder!” Dit is die naaste wat ons aan singewing van swaarkry gaan kom.

Wat is die sin van swaarkry dan? Ons weet nie altyd nie. Maar God weet! Daar is 'n antwoord. Hy het die antwoord. Laat dit in vertroue aan Hom oor.

Dr SF Kruger (Middelburg-Noord)